**ADMINISTRATIEWE ASSISTENT EN ONTVANGS**
**TYDELIKE AFLOSPOS - 2 MAANDE**

**1. Doel van die pos**

As gevolg van 'n personeellid wat diens verlaat het, beskik die kantoor van die algemene sinodale oor 'n tydelike posisie in die pos as administratiewe assistent en ontvangs.

**2. Standplaas**

Kantoor van die Algemene Sinodale, Klipkerkkerkkompleks, H/v Pretorius en Jan Shoba Straat, Hatfield, Pretoria.

**3. Kontrakperiode en werksure**

Kontrakperiode: Vanaf 07 April tot 31 Mei 206

Werksure: Maandag tot Vrydag 7h00 tot 15h00

**4. Vergoeding**

Vergoeding is gebaseer op tipiese kerklike / nie-winsgewende organisasies se vergoedingstrukture, en na die tydelike aard van die pos, bepaal op R 15 000-00 per maand.

**5. Sleutelverantwoordelikhede**

- Ontvangs en die beheer van toegangshek
  - Verleen toegang aan gemagtigde persone
  - Vriendelike ontvangs en professionele hantering van gaste
  - Begeleiding van gaste na onderskeie persone en/of vergaderlokale
  - Gasvryheid ten opsigte van gaste (tee/koffie aanbied)
- Hantering van skakelbord en telefoniese navrae
  - Effektiewe hantering van skakelbord
  - Beantwoord navrae sover moontlik of skakel deur na relevante persoon
- Administratiewe ondersteuning aan die algemene sinodale kantoor
  - Ontvangs en versending van eposse
  - Ondersteunde hulp ten opsigte van duplisering, liassering en algemene administratiewe ondersteuning
  - Hulp met gereedmaak van lokale vir vergaderings

**6. Persoonsvereistes**

- Matriek (relevante kwalifikasie en/of bewese ervaring sal in kandidaat se guns tel (bv administratiewe en kantoor ervaring)
- Goeie verstaan van en/of ervaring in kerklike omgewing en konteks.
- Vermoë om met groot spanne te kan saamwerk – met 'n begrip van sisteme.
- Vermoë om selfstandig te werk
- 'n Waardering en uitbou van die bestaande kultuur van diensbaarheid en uitnemendheid

Belangstellendes kan voor Vrydag 27 Maart om 13:00 'n kort CV en 'n kort motiveringsbrief stuur na niomav@ngkerk.org.za . Die belangstellende moet op Maandag 31 Maart vanaf 9:00 beskikbaar wees vir 'n onderhoud.
Diensaanvaarding 7 April 2026.